

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



APRIL  
2017

## Wees altyd op JOU HOEDE!

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

Lees Binne:



Mnr Mzwayi Zuma en Mnr Musa Khumalo se mielies.

**E**k is bevoorreg om nou saam te werk met baie kleinboere en bestaansboere in die landelike gebiede van KwaZulu-Natal. Hierdie boere verbaas my aanhouwend met wat hulle kan bereik op 'n klein stukkie grond en dit terwyl hulle daagliks baie moeilike uitdagings in die gesig staar.

Wat vir my duidelik geword het, is dat boere wat so baie tyd as wat hulle kan, in hulle lande spandeer, hulle oeste versorg en waak teen ongewenste peste en vee, die mense is wat die vrugte pluk tydens oestyd.

Wat ek graag wil bereik met die skryf van hierdie artikel, is om meer bestaansboere te

sien wat die rol van versorger en beskermmer aanneem. Ons moet wag staan oor ons gevassie totdat ons die laaste kop geoes het. Net soos ons ons kinders beskerm vanaf baba tot volwassene, so moet ons ook 'n ouerskapsrol oor ons oeste inneem indien ons graag wil sien dat hulle 'n opbrengs lewer en suksesvol is.

Wat is hierdie uitdagings en wat doen boere op die land om hulle te beveg?

### Kraaie

Kraaie is 'n absolute bedreiging en kan groot skade aan mielies wat pas ontkiem het, veroorsaak. Sodra die klein saailinge opkom deur die grond, pik die kraaie hulle een vir

04 | Belangrike mikotoksiene wat relevant vir mielies is

08 | Opbrengs evaluering en oesbeplanning

11 | Uitheimse indringer plantspesies (UIP)

03



07



12





## OUMA JANE SÊ...

**O**ns het onlangs wyd gery deur die graanproduserende areas van Suid-Afrika en al die gewasse lyk pragtig. Ons is so dankbaar oor die reën wat geväl het sodat huishoudings en die nasie voedselsekuriteit kan ervaar. Om kos te hê, is die mees basiese menslike behoefte en ons is bly dat ons die boere wat die nasie voed, kan bystaan.

Soos met alle dinge, is daar uitdagings. Nou dat ons 'n goeie oes op hande het, moet ons dink aan die stroop en stoor van ons oeste. In terme van die gesondheidsrisiko's verwant aan voedsel, moet ons aandag gee aan die manier waarop ons stroop en graan stoor. Dit is baie belangrik om ons graan toe te laat om heeltemal droog te word deur hulle bloot te stel aan lugvloe – die stoor van klam graan sal die risiko's verbonde aan fungus ontwikkeling verhoog en lei tot die ontwikkeling van mikotoksiene. Liewe boer – onthou dat jou gewas voedsel vir mens en dier is en jou taak is nie afgehandel totdat jou oes droog is en veilig gestoor is nie.

Wanneer jy 'n surplus graan het, kan jy verkoop (om geld te verdien) en jy kan ook jou huishouding voed. Hierdie huishouding sluit in jou pluimvee en jou lewendehawe, beide groot en klein. Gedurende 'n onlangse besoek aan kleinboere in die Mthatha area, het ek weer die waarde van meer graan binne 'n huishouding gesien – 'n sekere boer het genoem hoe sy in staat is om die hoenders, Muscovy eende, bokke, skape en beeste te voer. Deur genoeg voedsel te hê, sal die produktiwiteit van jou lewendehawe verhoog.

Gedurende Mei sal die NAMPO Oesdag weer op Bothaville plaasvind (in die Vrystaat). Hierdie jaar sal ons 'n spesiale uitstalling van implemente vir die kleinboere hê. Hierdie is 'n groot geleentheid om die groter graaindustrie te ervaar – insetverskaffers, verskaffers van meganisasie en ook ander interessante stalletjies. Ons hoop om julle te sien by NAMPO 2017.

Kom ons geniet die res van die Herfs seisoen – binnekort gaan julle hard werk om die oes in te bring. Ons is so geseënd en ons moet ons seënninge tel en ons goeie oeste waardeer.

## Wees altyd op jou hoede!

een, ry vir ry af. As ons hulle laat smul aan die saailinge, sal daar nijs meer oor wees nie.

### Oplossing

Wees altyd teenwoordig in jou mielieiland, van sonop tot sononder. Sit die moeitevolle ure in, sodat jy iets het om te kan oes. Ek wil graag die voorbeeld van twee boere gebruik in die Hlathikhulu gebied van KwaZulu-Natal, mnr Mzwayi Zuma en mnr Musa Khumalo. Hierdie twee toegewye boere bewerk aangrensende lande op ongeveer sewe hektaar grond. Hulle vat skofte om hulle oeste te bewaak en met behulp van swepe en slingervelle die vlieënde diewe af te skrik. Dit is harde werk wat duur tot die mieliepitte ondergronds verbrokkeld het (gewoonlik sowat twee weke na opkoms), maar hul pogings sal beslis vrugte afwerp.

### Nagmuise

Nagmuise is klein knaagdiere wat geen graan kan weerstaan nie en is besig om 'n groot probleem in Suid-Afrika te word. Dit wil voorkom asof hul getalle jaarliks groei, grootliks te wytte aan die gebrek aan roofdiere wat jag maak op hulle. Hulle leef gewoonlik in kolonies in 'n mielieiland wat uitgeken kan word aan baie gaatjies naby aanmekaar wat die grootte van tennisballe is. Hulle kan groot gebiede aangeplante graan in jou land opvreet wat jou opbrengste verminder en ook 'n seer oog is, omdat onkruid floreer waar die grond ontbloot word. Baie boere sukses om oplossings te kry om hierdie knaagdiere te beheer.



Mnr Mzwayi Zuma wys na 'n ry mielies wat deur kraaie gevreet is.

### Oplossing

Daar is chemiese beheermaatreëls wat gebruik kan word om óf jou saad te behandel wanneer jy plant, of gif in hul gate



Swepe in die hand om die kraaie weg te jaag.



te goo. Ek gaan nie hierdie maatreëls in hierdie artikel bespreek nie. Vir meer inligting, kan jy gerus jou plaaslike chemiese verteenwoordiger vra om jou te help.

Selfs sonder die gebruik van chemikalieë kan 'n mens nog steeds 'n groot verskil maak deur eenvoudig die gebruik van 'n paar basiese beheerstrategieë te ontplooi. Onthou dat die natuur ongelooflik goed daarin slaag om balans te handhaaf. Waar die mens inmeng, kan hierdie "balans" versteur word. Neem dus kennis van hoe dinge werk in 'n onversteurde omgewing en probeer om hierdie omgewing te herhaal. Plant pale rondom jou land om uile te help om die nagmuise te jag. Moenie slange dood maak nie! Slange is 'n natuurlike roofdier van knaagdiere. As ons slange doodmaak, sal die knaagdiergevolking ontploff vir ons oë. As jy 'n slang sien terwyl jy werk in jou land, los dit sodat hy sy werk kan doen.

Laastens moet 'n mens ook kreatief word. Ek wil graag die voorbeeld van mev Sindisiwe Gama gebruik in die Loskop omgewing naby Estcourt. Met die hulp van haar seun, het sy honderde klein strikke van draad en ogiesdraad gebruik en hulle rondom die land naby die nagmuisgate gesit met graan in om hulle te lok. Hulle was veral suksesvol gedurende die wintermaande toe kos

skaars was. As jy geduldig en toegewyd is tot die taak, sal jy 'n merkbare verbetering sien wanneer jy weer plant.

### Beeste

Beeste in die landelike gebiede is die nommer een pyn vir enige mielieboer wat plant op kommunale grond. Die probleem kom veral voor in die maande wat lei na die winter wanneer weiding begin skaars raak. Vee eienaars jaag hulle beeste op die kommunale lande wanneer daar nog baie kos is, wat groot skade aan die mielies op die lande veroorsaak. Daarom oes baie boere die koppe voor dit droog is en vervoer dit na hul huise om te stoor. Dit lei tot gewigsverlies op die koppe, asook vrot koppe.

### Oplossing

Die voor-die-hand-liggende oplossing is om heiing om jou land te sit; omheiing word egter gesteel en dit is waarom boere huiwerig is om dit op te rig. Die tweede opsie is om te onderhandel met die vee eienaars en tot 'n ooreenkoms te kom om die beeste uit te hou tot na oestyd, waarna hulle gebruik kan maak van die reste wat op die land gelaat is. 'n Mens kan selfs die plaaslike Raadslid of Nkosi betrokke kry by hierdie onderhandelinge. Indien niiks hiervan slaag nie, het

**Koester en beskerm,  
staan wag!**

jy min ander keuses as om harde werk in te sit en wag te staan oor jou gebied. As jy nie kan nie, vra jou broer, as jou broer nie kan nie, vra dan jou pa. Moet net nie jou waardevolle oes los om vernietig te word nie.

Koester en beskerm, staan wag! Sit dit om in aksie in jou boerdery en jy sal sien dat jou pogings beloon word wanneer oestyd kom. Ek hoop van harte om te sien dat meer bestaansboere dit ter harte sal neem. Dit sal net lei tot 'n beter huishoudelike inkomste vir jou en jou gesin en bydra tot voedselsekerheid in ons land.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,  
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos  
na [gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).**



'n Area mielies wat vernietig is deur nagmuise.




# Belangrike mikotoksiene wat relevant vir mielies is

**S**uid-Afrika is bekend vir sy goeie gehalte mielies en die gewas is belangrik vir kommersiële en bestaansboerdery gemeenskappe. Hoewel mielies baie gebruik word, is die belangrikste die produksie van voedsel en voer.

Mielies en mielieprodukte word verbruik deur die meerderheid Suid-Afrikaners (tussen 67% en 83% van die bevolking) en die gemiddelde verbruik vir gaar mielies per dag word geskat tussen 476 g - 690 g per persoon. Daarom bly die besoedeling van mielies deur swamme en die gevolglike produksie van mikotoksiene 'n baie belangrike bron van kommer.

In die vorige artikel (Maart 2017) verduidelik ons dat mikotoksiene giftige chemikalieë is wat vervaardig word deur swamme wat natuurlik groei op verskillende landbougewasse. Hoewel die omvang van swamgroei op gewasse met die blote oog sigbaar kan wees, is die voorkoms en vlakke van mikotoksiene nie

Figuur 1: Mieliepit struktuur.



Tabel 1: Beskrywing en doel van die graderingstelsel van gebreekte mieliepitte.

Gemaalde gedeeltes	Beskrywing	Karaktereienskappe	Mielimeel gebaseerde produkte
Mieliegruis	Ontkiemde produk wat bestaan uit groot stukke gebreekte mielie endosperm en vry van doppe en die kiem	Vlokkerig	Kits ontbyt grane (graanvlokke) en stampmielies
		Grof	Graankos en peuselhappies Mielierys
		Medium (Semolina)	Graankos en peuselhappies
		Fyn (Semolina)	Gebrou Mieliepap
Mielimeel	Maal van die mielie endosperm	Oorheersend grof <b>(SUPER mielimeel)</b>	Mieliepap Pannekoek en kolwyntjie mengsels, Mielie peuselhappies, graankos en gebakte produkte
		Verkorrel	Pannekoek en kolwyntjie mengsels, mielie peuselhappies, graankos en gebakte produkte
Meelbom		Fyn <b>(SPESIALE mielimeel)</b>	Mieliebrood en bakkengsels, babakos, koekies, wafelkoekies, filters en draers by vleisprodukte en ontbytgraankos
			Peuselhappies en polenta
Semels	Mengsel van die buitenste laag van die mieliepit, die perikarp, en die mielie endosperm	<b>Mieliesemels</b>	Dierevoer
Mieliekiem	Bevat die embrio gedeelte	Ryk in olies	Olie Dierevoer

sigbaar nie. Hierdie vlakke kan op groot skaal wissel op 'n enkele mieliekop, asook tussen naburige plante.

Die mikotoksiene wat belangrik is vir kommersiële mielies wat in Suid-Afrika verbou word, is: Fumonisien (FB) wat verband hou met Fusarium kopvrot; Deoxynivalenol (DON) en Zearalenon (ZEA) wat verband hou met Giberella kopvrot, wat almal veroorsaak word deur Fusarium swamspesies.

In landelike gebiede in Suid-Afrika waar mense mielies as 'n daaglikse stapelvoedsel verbou (bestaansboerdery), is FB die belangrikste mikotoksiën en kom normaalweg voor teen relatief hoë vlakke. Dit was die geval in die landelike Oos-Kaap (EC), Limpopo (LP) en KwaZulu-Natal (KZN). DON is ook waargeneem op bestaansboerdery mielies in die landelike Oos-Kaap. Die mikotoksiën aflatoksiën (AFLA), wat deur Aspergillus flavus veroorsaak word, is waargeneem in landelike Limpopo en KZN. Die redes vir hierdie verskille in gebiede sluit in klimaat, insekplae, grondkwaliteit en landbouprakteke.

### **Die mieliepit**

Diegene van julle wat boer met mielies sal weet dat elke mieliepit bestaan uit verskillende dele (**Figuur 1**) en elk van hierdie is van kommersiële belang. **Tabel 1** gee 'n beskrywing en opsomming van die dele van die pit (ook bekend as maal gedeeltes of vorms).

### **Swam en mikotoksiën voorkoms binne 'n mieliepit**

Die Fusarium en Aspergillus fungi is grond-oorgedraagde organismes en oorleef gewoonlik in plantreste (stoppels) tussen seisoene. Hierdie swamme kan die plante voor oes op verskeie maniere besmet: Deur die wortels, of oorgedra word deur besmette saad (Fusarium); wind en water oordrag, sowel as deur middel van 'n spesifieke insek en ander beskadigde dele (Fusarium en Aspergillus). Aspergillus is ook bekend as 'n ernstige probleem wanneer graan nie behoorlik gestoor word nie. Swamme gaan die mieliepit binne vanaf die buitenste lae in en dring dan deur na die binneste lae, dus is mikotoksiën bekend daarvoor dat hulle hoofsaaklik gekonsentreer is in die buitenste lae van die mieliepit. Verder kan die opperhuid optree as 'n fisiese versperring teen die swamme wat die endosperm binne wil dring.

### **Die uiteindelike lot van mikotoksiene deur voedselverwerking; droë maalproses as 'n voorbeeld**

Die chemiese struktuur van mikotoksiene maak dit onmoontlik om hulle heeltemal uit gewasste verwyder en dus kan hulle net gedeeltelik verwijder word deur voedselverwerking en/of ander spesifieke skoonmaak (dekontaminasie)



Goeie 'gesonde' mieliepitte.



Beskadigde en besmette mieliepitte.

metodes. Voedselverwerking wat mikotoksiën besmetting kan verminder sluit in sortering, was, ontopping, maal, brou, bak, braai, braai en alkaliiese kookproseses.

Die maal van mielies is 'n fisiese proses en kan beskou word as die eerste stap in die produksie van mieliegebaseerde produktes deur die verwydering van die buitenste struktuur (perikarp) om die endosperm te isoleer, wat dan omskep word in verskillende vorms soos kiem; meel en fyn meel. Die pitvorms wat hoofsaaklik gebruik word vir die produksie van menslike voedsel is gruis en meel met hul onderskeie deeltjies groottes en gradering, terwyl semels en kiem meestal gebruik word vir voer en olie ontrekking, onderskeidelik, (Tabel 1).

In Suid-Afrika word die droë maalproses meestal aangewend om voedselprodukte soos stampmielies, mielierys, ongesifte, gesifte, growwe, Super en spesiale mielie-meel te produseer. Die vlakke van mikotoksiene in die verskillende maalvorms sal verskil na gelang van verskeie faktore soos hoe diep die swamme

die pit ingedring het (oppervlak of binneste lae) en die fisiese breek van elke pit in sy verskillende maalvorm. As gevolg van die kompleksiteit van die maalproses waartydens onverwerkte mielies verskeie vorms produuseer, kan die mikotoksiën vlakke óf hervesprei, of gekonsentreer word.

In die volgende uitgawe sal ons voortgaan om mikotoksiene op ander grane soos koring, sorghum en gars te ondersoek. Die kwessie van veiligheidsvlakke sal ons aanspreek in 'n latere uitgawe wanneer ons sal praat oor die impak van mikotoksiene op menslike gesondheid.

**Artikel versaf deur HM Burger en P Rheefer van die Instituut vir Biomediese en Mikrobiële Biotechnologie (IBMB), Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT). Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Burgerh@cup.ac.za of RheeferJP@cup.ac.za.**



# Wetenskap ondersteun SONNEBLOMPRODUKSIE

**L**andbou moet vandaag daarna streef om steeds meer voedsel te produseer vir 'n groeiende bevolking in 'n uitdagende ekonomiese omgewing. Dit is nie meer net 'n manier van lewe wat beoefen word deur mans in oorpakke en oorjasse nie – "Landbou is 'n hoogs geïntegreerde beroep wat beoefen word deur professionele mense wat

moderne saketegnieke, wetenskaplike kennis en meganiese uitvindings op hul bedrywighede toepas" – Earl Coke.

Sonneblomproduksie het 'n belangrike rol om te speel in die scenario van Suid-Afrikaanse gewasproduksie. Die jaarlikse produksie is tussen 500 000 ton - 700 000 ton. Dit is nuttig in wisselbou programme, maar dit is ook 'n goeie oes om te verbou op marginale grond. Verder is dit ook aangepas aan 'n wye verskeidenheid grond, van swaar grond tot sanderige leemgronde. Nog 'n belangrike eienskap is dat dit 'n korter groeiseisoen as mielies het, sodat dit 'n bietjie later geplant kan word waar omstandighede dit noodsaak en dit is ook bevind dat dit vroeë ryk kan weerstaan.

## Oesskattingskomitee

Hierdie span doen wetenskaplike opnames om die voorlopige oppervlakte wat aangeplant is, te skat. Dit is nuttige inligting vir jou as boer, omdat dit jou sal help met riglyne met die markte wat werk op 'n vraag en aanbod basis. Te veel sonneblom wat aangeplant is, sal laer markpryse gedurende die oestyd bepaal. (Dieselfde geld vir mielieproduksie). Die voorlopige evaluering van die area onder sonneblomproduksie vir 2017 is 665 800 ha, wat effens laer is met sowat 52 700 ha minder as die vorige seisoen. (Hierdie inligting is vrylik beskikbaar op <http://www.sagis.org.za>).

Dr A Nel van Potchefstroom LNR-IGG hou vol dat dit net hoë vlakke van doeltreffendheid in jou produksieproses is wat finansiële sukses sal verseker. Natuurlik is dit

fundamenteel tot volgehoue boerdery – anders sal boere binnekort uit besigheid wees en nie in staat wees om die honger nasie te voed nie! Die sleutel tot hierdie vlak van doeltreffendheid is om soveel inligting as moontlik oor beskikbare kultivars te bekom, ten einde ingeligte besluite te neem oor watter kultivar die beste geskik is vir plaaslike klimaatstoestande, asook die verwagte seisoen. Nuwe boere moet met verteenwoordigers van maatskappye en ervare bure praat en dan die volgende inligting oor elke kultivar uit vind:

## Opbrengspotensiaal

Dit is die tonnemaat per hektaar wat jy kan verwag om te oes gedurende 'n normale seisoen. Vind uit wat die langtermyn opbrengspotensiaal vir sonneblomgewasse is wat verbou word in jou area. Dit sal jou in staat stel om 'n opbrengsteiken te stel.

## Dae tot blom

Dit is baie belangrik. Jou werklike plantdatums sal jou saadkeuse beïnvloed. As jy byvoorbeeld nie in die lande kan kom as gevolg van hoe reënval en modderige toestande nie – of alternatiewelik, indien dit te droog is om te plant – moet jy die aantal dae wat jy beskikbaar het vir die groeiseisoen voor die aanvang van die rypseisoenoorweeg en die saad dienooreenkomsdig kies.

Dit is 'n erkende feit dat in terme van genetika daar stadige vordering is met die ontwikkeling van nuwe sonneblom variëteite en verbeterde opbrengspotensiaal. Sonneblomopbrengs is net so 'n belangrike funksie van die BESTE praktyke as kultivarkeuse, dit sal dus ALTYD hand aan hand gaan.



## Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*If everyone is moving forward together,  
then success takes care of itself.*

~ Henry Ford

## SONNEBLOMPRODUKSIE

“

*Landbou is 'n hoogs geïntegreerde beroep wat beoefen word deur professionele mense wat moderne saketegnieke, wetenskaplike kennis en meganiese uitvindings op hul bedrywighede toepas – Earl Coke.*

### Ander faktore wat sonneblomopbrengs beïnvloed

- Grondvoorbereiding is belangrik. Jy moet jouself inlig oor algemene grond voorbereidingspraktyke in jou area en jouself ook op hoogte hou van die moderne denke rondom die versorging van die grond tot jou beskikking. Baie boere verkies om die geen-bewerking roete te gaan, beide ter wille van die opbou van gesonde grond, sowel as die aantreklike laer koste van grondvoorbereiding. Geen-bewerking gebeur nie net nie – dit moet wetenskaplik en deur 'n proses van self-opvoeding en versameling van inligting benader word.
- Gepaste bemesting is altyd belangrik en speel 'n belangrike rol in die opbrengste wat

gerealiseer word. Jou bemestingsprogram moet altyd gebaseer word op wetenskaplike grondontleding. Die sonneblomplant is bekend daarvoor dat hy voedingstowwe in die grond besonder goed benut as gevolg van sy uitgebreide wortelstelsel wat in staat is om voedingstowwe te bereik wat nie deur ander gewasse bereik kan word nie.

- Plantpopulasie is die enkele belangrikste bydraer tot potensiële opbrengs. Versorging van die jong saailinge deur die moeilike opkoms stadium, is hoogs bestuursintensief en sal heel waarskynlik vereis dat jy die oppervlak van die grond liggies losmaak net voor opkoms, wat gewoonlik 3 - 4 dae na plant is. 'n Stand van 30 000 - 45 000 plante per hektaar is 'n goeie gemiddelde gids indien maksimum opbrengste van tot 2 t/ha jou doel is. Sodra jy 'n goeie stand op die land het, sal jy kyk na ander faktore om opbrengste te verbeter.
- Onkruidbeheer is van kritieke belang. Onkruid kompeteer aggressief vir die voedingstowwe en vog wat die sonneblomplante moet bevoordeel. Die plante is veral kwesbaar gedurende die eerste 3 - 4 weke, want dit is die stadige deel van hul ontwikkeling. Dit is ook wys om 'n finale bewerking te doen net voor die trekkers nie meer in die land kan kom sonder om die sonneblomplante te beskadig nie.

- Insekbeheer is belangrik en dit vereis gereeld monitering van jou gewasse vir tekens van plae, vanaf so vroeg as eier en worm stadiums. Indien jy plaagdoders benodig om 'n plaaginvestasie te beheer, is dit altyd wys om nou saam te werk met die verteenwoordigers van die chemiese maatskappye wat jou lande sal besoek en jou sal adviseer oor die toedienings hoeveelhede. Maak seker dat plaaswerkers goed opgelei is om met chemikalië te werk en dat hulle die nodige veiligheidsklere tot hulle beskikking het om hulle veiligheid te alle tye te verseker.

Nie net is sonneblom 'n baie lonende oes en 'n vreugde om te aanskou nie, maar hulle kan 'n waardevolle bydrae maak tot jou langtermyn boerderyprogram as gevolg van lae insetkoste en ook omdat hulle oor die algemeen goed presteer onder droë toestande wat meer normaal vir Suid-Afrikaanse produsente is.

### Erkennings

Sonneblomkultivar aanbevelings vir 2016/2017 – Dr AA Nel, LNR-IGG, Potchefstroom. ☺

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,  
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,  
stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**



# Opbrengs evaluering en oesbeplanning

**D**ie 2016/2017 somerseisoen beweeg nou in die oesfase en finale bemarkingsfase vir sojabone, sonneblom en ander somergewasse in. Vanjaar is gekenmerk deur goeie, tot baie goeie reëns voor die plantseisoen, afgewissel met 'n baie warm en droë November en Desember.

Die tydperk net voor jou sojabone fisiologiese volwassenheid bereik, is die ideale tyd om alle vorige bestuursbesluite, tesame met reënval wat ontvang is wat bydra tot 'n tussentydse opbrengsskatting wat vergelyk met 'n finale opbrengs, te evalueer.

## Raming van sojaboon opbrengste

'n Opbrengsskatting op hierdie stadium kan waardevolle inligting versaf oor die gedetailleerde beplanning vir die aanvang van die oes vir verskillende lande, kapasiteit van die stroper vereis, totale massa van die verwagte oes, vervoer vanaf die land na die stoopplek, stoorkapasiteit vereis, skoonmaak en droogkoste wat aangegaan moet word en bemarkingstrategie.

## Oesskattingstegnieke

Opbrengspotensiaal is in wese 'n skatting van vier komponente wat die aantal plante per hektaar, aantal peule per plant, aantal pitte per peul en aantal pitte per kilogram is.

## Metodologie

### Plante per hektaar (pl/ha)

Gebruik 'n maatband om 'n lengte van 10 meter plante te meet in 'n aangeplante ry sojabone in ten minste 10 gemiddelde verteenwoordigende areas in 'n bepaalde land. Vermy koppe van lande of oorkruis geplante gebiede aan die kant van die lande wat geëvalueer word.

Tel die aantal peuldraende plante binne elke 10 meter rylengte. Verdeel die totaal van 10 monstres met 10 tot jy die gemiddelde plante per 10 meter ry kry. Vermenigvuldig hierdie antwoord met 10 tot jy die aantal peuldraende plante per 100 meter rye kry op 'n hektaar van 100 meter by 100 meter vierkant. Vir 92 meter ryspasiëring

vermenigvuldig die bovenoemde antwoord vir 100 meter rye met 110 geplante rye per hektaar om die vereiste antwoord van peuldraende plante per ha te kry. Gebruik 'n vermenigvuldigingsfaktor van 133 rye per geplante hektaar vir 75 meter rye.

### Peule en saad per hektaar

Kies 10 plante na willekeur en tel die peule. Deel deur 10 om 'n gemiddelde aantal peule per plant te kry. Hou in gedagte dat peule laer as 12 cm van die grond nie deur die stroper kop opgetel kan word nie. Maak die peule oop en evalueer die aantal ten volle ontwikkelde sade per peul wat gewoonlik wissel van 2 - 3 sade per peul. In 'n droë jaar gebruik 2, in 'n gemiddelde jaar gebruik 2,5 en in 'n goeie jaar gebruik 3. Vermenigvuldig die gemiddelde aantal peule deur die gemiddelde aantal sade, vermenigvuldig die aantal plante/ha om jou die aantal pitte/ha te gee.

Soos gesien kan word in **Tabel 1**, wissel pitmassa aansienlik en kan die resultate van die opbrengsskatting aansienlik beïnvloed. Kies of skat of weeg pitte akkuraat en vermeerder die aantal pitte/ha deur die pitmassa per pit. Verdeel deur 1 000 om kg/ha te kry en weer deur 1 000 om t/ha te kry.

Verminder hierdie antwoord met 10% vir oes en uitval verlies.

### Voorbeeld

Nadat die lande soos hierbo uiteengesit beoordeel is en gegewe die volgende, word berekening hieronder getoon. Gemiddeldde aantal plante per 10 meter toets 220; rywydte, 92; peule per plant 20; sade per peul 2,5; massa van saadpitte 0,15 gram.

### Berekening

- 220 plante per toets x 10 (100 meter ry) x 110 (rye per ha) = **242,000 pl/ha**.
- **242,000 pl/ha** x 20 (peule/pl) x 2,5 (sade per peul) = **12,100 000 sade/ha**.
- **12,100,000** x 0,15 (gram per saad)/1,000 (kg saad / ha) / 1,000 (t / ha) = **1,815 t/ha**.
- **1,815 t/ha** min 10% = 1,815 x, 90% = **R1,64 t/ha verwagte opbrengs**.

**Tabel 1: Pitmassa per hektaar.**

Pit massa (gram)	Pitte/kg	Pit grootte beskrywing
0,18	5 556	Kommersiële gesertifiseerde pit voorbeeld
0,17	5 882	
0,16	6 250	
0,15	6 667	Op die plaas geoeste pitte – normale jaar
0,14	7 143	
0,13	7 692	
0,12	8 333	Op die plaas geoeste pitte – droë jaar of laat geplant
0,11	9 091	

## Oeswenke

Een van die belangrikste faktore by suksesvolle sojaboonproduksie is dat jy jou eie stroper moet hê wat in 'n uitstekende toestand gehou word, met die regte verstelling vir die dromspoed en stroperfatafel en wat onmiddellik beskikbaar moet wees vir elke land wat gestroop moet word. Indien 'n volwasse oes reën daarop kry, kan verliese groot wees. As jy van 'n kontrakteur gebruik maak, maak seker dat hy beskikbaar sal wees binne dae nadat kennis gegee is dat die oes gereed is.

## Gevolgtrekking

Gebruik 'n opbrengsskatting vir sojabone as 'n oes beplanningshulpmiddel vir die huidige oes, sowel as 'n oefening om te bepaal watter tegnieke sal lei tot suksesvolle produksie in toekomstige seisoene.


# Geleentheid vir voldoende sojaboonproduksie in SA

Die wêreld oliesade produksie het sterk toegeneem sedert 2012 hoofsaaklik as gevolg van groei in die Verenigde State van Amerika, Brasilië en Argentinië. Deel van die rede vir hierdie produksie opswaai is die toenemende globale voervereistes van 'n paar van die grootste verbruikers soos China. Oor dieselfde tydperk het Suid-Afrika ook 'n toename in produksie gehad, selfs al is dit steeds laer as die jaarlike vereistes.

Groei in die binnelandse sojaboonproduksie is egter versteur deur die 2015/2016 droogte seisoen. Tussen die 2014/2015 en 2015/2016 bemarkingsseisoen, het sojaboonproduksie gedaal met 30% vanaf 1 070 000 tot 741 550 ton. As 'n mens egter kyk wat voorlê, is daar tekens van moontlike herstel gedurende hierdie seisoen.

Deur die toepassing van die voorlopige produksieskattings van die Oesskattings-

Grafiek 1: SA Sojaboon invoer en uitvoer. Bron: SAGIS



skomitee vir die 2017/2018 bemarkingsjaar, word dit beraam dat Suid-Afrika se sojaboonproduksie 946 000 ton kan bereik. Daarmee saam is daar 'n verwagte styging in voerver-

bruik, wat geneig is om te verhoog met 28% vanaf die huidige seisoen.

Sojaboon vir menslike verbruik sal na verwagting ook toeneem van 23 800 ton van die vorige seisoen tot 25 000 ton. Opmerklik is dat 'n toename in die binnelandse vraag na sojabone ruimte laat vir 'n toename in die invoer van olie en oliekoek, wat beteken dat binnelandse produksie nog nie voldoende is om in die groeiende plaaslike vraag te voorsien nie.

**Tabel 1** toon die Graan SA Vraag-en Aanbod scenario. Opmerklik is dat ten spyte van die moontlikheid van 'n bogemiddelde oes in die komende seisoen, kan Suid-Afrika 'n netto invoerder van sojabone bly – met 'n geskatte 70 000 ton vereiste invoer.

Dit dui daarop dat 'n geleentheid in die produksie van sojabone bestaan in 'n wêreld waar voer en menslike gebruik aan die toeneem is.

Vanaf **Grafiek 1** van die Suid-Afrikaanse sojabone invoer en uitvoer aktiwiteite oor die afgelope drie jaar, is dit duidelik dat hoewel daar 'n styging in invoere is, dit ook gevolg is deur 'n styging in uitvoere. Dit sou dus vir boere raadsaam wees om sojabone tydens die gewasbeplanning te oorweeg, ten einde in die stygende plaaslike vraag te voorsien en daarna met verloop van tyd die invoervereistes te verminder en terselfdertyd te verseker dat die land genoeg produseer vir die uitvoermark. Met wat gesê is, sal winsgewendheid die belangrikste gids in besluitneming tydens die plantseisoen wees.

Tabel 1: Vraag en Aanbod skattings. Bron: Graan SA

Die vraag en aanbod van sojabone in Suid-Afrika				
Opgedateer 27-Jan-17	Graan SA projeksie	Onder- gemiddeld	Gemiddeld	Bo- gemiddeld
Bemarkingsjaar	2016/2017*	Scenario 1	Scenario 2	Scenario 3
Area aangeplant (x 1 000 ha)	502,80	542,20	542,20	542,2
Opbrengs (t/ha)	1,47	1,50	1,65	1,8
CEC oesskattung ('000 ton)	741,55	813,30	894,63	975,96
	('000 ton)	('000 ton)	('000 ton)	('000 ton)
<b>Kommersiële aanbod</b>				
Openingsvoorraad	89,13	146,83	146,83	146,8
Kommersiële lewerings	711,55	783,30	864,63	945,96
Invoere	450,00	230,00	150,00	70
<b>Totale kommersiële aanbod</b>	<b>1 250,68</b>	<b>1 160,13</b>	<b>1 161,46</b>	<b>1 162,792</b>
<b>Kommersiële vraag</b>				
Kommersiële verbruik				
Voedsel	23,81	24,80	24,80	25
Voer (Vol vet Soja)	103,12	132,00	132,00	132
Gepers vir olie en oliekoek	960,00	850,00	850,00	850
Totaal	1 086,92	1 006,80	1 006,80	1 007
Uitvoere	8,00	9,00	9,00	9
<b>Totale kommersiële vraag</b>	<b>1 103,85</b>	<b>1 026,80</b>	<b>1 026,80</b>	<b>1 027</b>
<b>Eindvoorraad (28 Februarie)</b>	<b>146,83</b>	<b>133,33</b>	<b>134,66</b>	<b>136</b>
Pyplyn vereistes	135,87	125,85	125,85	126
<b>Surplus bo pyplyn</b>	<b>10,97</b>	<b>7,48</b>	<b>8,81</b>	<b>10</b>

Artikel verskaf deur Michelle Mokone,  
Landbou Ekonom: Graan SA.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na  
[Michelle@grainsa.co.za](mailto:Michelle@grainsa.co.za).



# Die belangrikheid van 'n kontantvloeistaat

In sommige artikels in ons reeks met betrekking tot bestuur het ons verwys na en verskeie aspekte van 'n kontantvloeistaat bespreek. In hierdie artikel sal ons die belangrikheid van 'n kontantvloeistaat in meer besonderhede bespreek.

Die onlangse droogte het die feit na vore gebring dat dit absoluut belangrik is om aandag te gee aan die kontantvloeistaat as deel van finansiële bestuur. Deesdae is kontantvloeい waarskynlik die belangrikste aspek van finansiële bestuur van 'n boerdery.

Finansiële bestuur bestaan uit vier hoofaktiwiteite waarvan die eerste een finansiële rekordhouing en samestelling van die nodige finansiële state is. Die doel van die finansiële state is om die finansiële resultaat (wins/verlies) te bepaal deur middel van 'n inkomstestaat, om die finansiële posisie (verhouding van bates in verhouding tot laste) deur 'n balansstaat te bepaal en om die kontantvloeiposisie via 'n kontantvloeistaat te bepaal. Die inligting vanaf die state bied 'n mens dan 'n prentjie van die sukses van jou besigheid. Jou besigheid is net 100% suksesvol indien die resultate van al drie state positief is.

'n Gevaar van die proses by die opstel van finansiële state is dat dit moontlik vir iemand is wat die proses baie goed verstaan, om die syfers in die state aan te pas, veral in die balansstaat en tot 'n mindere mate in die inkomstestaat, om 'n spesifieke doel te dien. Dit kan gedoen word vir belastingdoeleindes, of wanneer 'n mens 'n behoefte aan 'n lening het. Maar omdat 'n werklike kontantvloeistaat die invloeи en uitvloeи van kontant in die besigheid reflekter, kan 'n mens nie die inligting aanpas om 'n spesifieke doel te pas nie. Jou werklike kontantvloeistaat moet balanseer met jou bankstaat van dieselfde datum. 'n Bankstaat is 'n eksterne bron van finansiële inligting. Dit verteenwoordig die eerste belangrikheid van 'n werklike kontantvloeistaat – dit bied akkurate finansiële inligting met betrekking tot die kontantvloeи van 'n onderneming.

In die tweede plek sal jou kontantvloeistaat die eerste staat wees om aan te dui of daar fout is in jou besigheid of nie. Vir 'n normale algemene gemengde tipe boerdery, moet die kontantvloeiverhouding 120% of beter wees. Die verhouding word bereken deur kontant-inkomste/kontantuitvloeи as 'n persentasie. Hierdie aspek sal natuurlik net waar wees as jou kontantvloeistaat op datum is en verkiekslik op 'n daaglikske basis. Met die tegnologie van vandag is dit heel moontlik om te bereik.

Derdens, dui hierdie staat in die praktyk aan of jy genoeg kontant beskikbaar sal hê op enige gegewe tyd, soos aan die einde van 'n maand, om al jou verpligteпe na te kom. Byvoorbeeld, die betaling van lone, elektrisiteitsrekening, maandelikse paaimeente op rekeninge, ensvoorts. Indien jy nie in staat is om al jou verpligteпe op enige gegewe tyd te betaal nie, sal dit die eerste teken van 'n probleem in jou besigheid wees, behalwe as jy die posisie bevredigend kan verduidelik. Jy kon baie van die produksiekoste (uitvloeи) aangegaan het voor die invloeи van kontant van 'n gewas wat geoes word.

In die vierde plek is nog 'n belangrike aspek van 'n kontantvloeistaat om die skuldiens vermoë van jou besigheid te beoordeel. Dit word gewoonlik beoordeel deur gebruik te maak van die inligting soos uitgebeeld in 'n geprojekteerde kontantvloeistaat. Deesdae is dit 'n baie belangrike saak en wanneer jy aansoek doen vir krediet, sal die finansierder deeglik kyk na jou geprojekteerde kontantvloeistaat. Die finansierder sal ook die geprojekteerde kontantvloeiverhouding bereken met behulp van die inligting uit jou geprojekteerde kontantvloeistaat. Soos reeds verduidelik, word dit beskou dat hierdie verhouding 120% en hoër moet wees om aan te dui dat jy genoeg kontant beskikbaar sal hê vir alle skuld en alle ander boerderyuitgawes wat nodig sou wees.

Afgesien van dit wat as belangrik bespreek is met betrekking tot 'n kontantvloeistaat, word die werklike waarde van hierdie staat ervaar wanneer behoorlike finansiële bestuur met betrekking tot hierdie staat toegepas word. Dit sal behels dat jy 'n geprojekteerde kontantvloeistaat moet opstel voor die begin van jou finansiële jaar, wat dan vergelyk moet word met jou werklike staat ten minste op 'n maandelikse basis.

Deur dit te doen, beheer jy jou uitgawes en moet oorbesteding verduidelik word en indien nodig jou kontantvloeistaat dienooreenkomsig aangepas word. Uitgawes (kontant-uitvloeи) is normaalweg binne jou beheer.

Inkomste (kontant-invloeи) word gewoonlik beïnvloed deur verskeie makrofaktore waaroor 'n boer baie min beheer het, indien enige. Indien jou inkomste laer is wat as geprojekteer word, moet jy jou kontantvloeistaat aanpas om die verlaagde inkomste te akkommodeer. In die praktyk beteken 'n laer inkomste dat jy minder geld het om te spandeer. Daarom sal jy uitgawes deeglik moet oorweeg en as dit nodig is, sekere uitgawes uitstel. 'n Laer inkomste kan jou ook dwing om aansoek te doen vir addisionele krediet om jou besigheid aan die gang te hou.

Om af te sluit, om te oorleef in die huidige moeilike omstandighede van boerdery in Suid-Afrika, is dit van die uiterste belang om finansiell geletterd te wees.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling,  
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,  
stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.**

**“**  
*Deesdae is kontantvloeи waarskynlik die belangrikste aspek van finansiële bestuur van 'n boerdery.*



# Uitheemse indringer plantspesies (UIP)

**n**Groot deel van die water in Suid-Afrika word deur gebruik deur plante wat nie hier hoort nie. Hulle word indringer plante genoem. Hierdie plante is indringers, omdat hulle versprei en ons natuurlike bome en plante inneem.

Uitheemse indringer plantspesies (UIP) is spesies waarvan die bekendstelling en/of verspreiding buite hulle natuurlike verspreiding, biologiese diversiteit bedreig. Hulle is nie-inheems aan 'n ekosisteem nie en kan ekonomiese of omgewingskade veroorsaak. Hulle het 'n negatiewe impak op biodiversiteit, insluitend afname of uitskakeling van inheemse spesies – deur kompetisie vir water en die ontwrigting van plaaslike ekosisteme en ekosisteemfunksies. Uitheemse plantspesies wat bekendgestel en/of versprei buite hul natuurlike habitat, beïnvloed natuurlike biodiversiteit in byna elke tipe ekosisteem op aarde en is een van die grootste bedreigings vir biodiversiteit.

Sonder natuurlike vyande kan hierdie plante vinnig reproduuseer en versprei, terwyl hulle waardevolle water en ruimte van ons inheemse plante inneem. Baie indringerplante verbruik meer water as plaaslike plante en breek ons kosbare waterbronne af. Digte indringerplante kan ook brandstof vir veldbrande wees, wat hulle baie warm maak en skade aan die area wat gebrand het, se grondstruktuur veroorsaak. Uitheemse indringers kos Suid-Afrika jaarliks miljarder rande aan verlore landbouproduktiwiteit en hulpbronne wat bestee word aan die verwydering of die bestuur daarvan. Indringers is 'n groot bedreiging vir biodiversiteit in opvanggebiede wat die balans in die delikate natuurlike ekosisteme versteur. Omdat ons afhanglik is van biodiversiteit vir water, kos, hout, skoon lug, medisyne en nog baie meer, is dit van kardinale belang dat ons hierdie hulpbron beskerm.

Regulasies identifiseer 'n totaal van 559 indringerspesies, insluitend 383 plantspesies as indringers in vier verskillende kategorieë en 'n verdere 560 spesies wat gelys is as verbode

en nie die land mag binnekomb nie. Besoek <https://www.environment.co.za> vir 'n lys van indringers en hul kategorieë.

## Indringer kategorieë

- **Kategorie 1a en 1b:** Moet onmiddellik verwijder en vernietig word.
- **Kategorie 2:** Kan verbou word indien 'n permit verkry word en die grondeienaars verzekert dat die indringerspesies nie buite sy/haar eiendom versprei nie.
- **Kategorie 3:** Mag nie geplant word nie.

Dit is interessant om daarop te let dat sommige indringerplante verskillend geklassifiseer word in verskillende provinsies.

## Die bestuur van indringerplante

Daar is 'n aantal maniere om die groei en verspreiding van uitheemse indringerplante te beheer. Die "behandeling" sal afhang van die spesie wat beheer word.

## Biologies

Sommige uitheemse plante het natuurlike vyande, soos insekte en siektes wat slegs 'n invloed het op 'n spesifieke spesie. Die insekte wat gebruik word om beheer uit te oefen (kevers, virusse) is afkomstig van die land van herkoms en word hier aan 'n indringerspesie vrygestel om dit te beheer.

## Handleiding

Jong of klein indringers kan met die hand uit die grond verwijder word. Die plante moet opmekkaar gestapel word en dan weggegooi word om hergroei te voorkom.

## Meganies

Groter plante en bome kan opgekap of afgekap word. Bome kan ook doodgemaak word deur die verwydering van 'n 30 cm - 40 cm strook bas rondom hul stamme (deur te ontbas in die vorm van ringe). Dit verhoed dat voedsel na die blare beweeg en die boom gaan dan dood.

## Chemies

Twee of meer metodes kan terselfdertyd gebruik word, byvoorbeeld deur ringe te ontbas en ook onkruiddoders op die stomp te spuit.

## Hoe kan ek help?

- Leer hoe om indringers te identifiseer, te beheer en te verwijder.

- Lig ander daaroor in.
- Sluit aan by, of vorm 'n beheerspan om indringerplante in jou area te beheer.
- Verwyder die indringers terwyl hulle nog klein is.
- Vervang indringerplante met inheemse plante.
- Plant inheemse, waterwyse plante in jou tuin.

## Indringers en die wet

Die taak van die bestuur van indringerplante is veral grondeienaars se verantwoordelikheid. In Augustus 2014 het die Minister van Omgewingsake die "Uitheemse en Indringerspesies Regulasies" gepubliseer om die negatiewe gevolge vir belanghebbendes te beperk. Die regulasies doen 'n beroep op grondeienaars en verkopers van grond om die Departement van Omgewingsake te help om ons inheemse fauna te bewaar en om die volhoubare gebruik van ons grond te bevorder.

Nie-nakoming kan lei tot 'n kriminele oortreding, strafbaar met 'n boete van tot vyf miljoen rand (tien miljoen as 'n tweede oortreding) en/of 'n tydperk van gevangenisstraf van tot tien jaar.

## Top vyf indringers per provinsie

- **Gauteng:** Blaas klimop, Swart wattle, Bloedbessie, Bokwiet, Kasterolie plant.
- **KwaZulu-Natal:** Vlamboom, Essentblaarhorn, Blaas klimop, Bloedbessie, Bokwiet.
- **Limpopo:** Wit Akasia, Bokwiet, Orgideeboom, Kasterolie plant, Kudzu ranker.
- **Mpumalanga:** Koraal klimop, Motvanger, Geelblom, Orgideeboom, Kamferboom.
- **Noord-Kaap:** Bloublaar kaktus, Kasterolie plant, Chinese tamarisk, Malpitte, Spaanse riet.
- **Noordwes:** Kraanvoël blom, Rosea kaktus, Voëltjiebos, Gewone dodder, Vieruurtjie.
- **Weskaap:** Rooikrans, Swart wattle, Goud Wilger, Syerige hakea, Langblaar wattle.

## Verwante webwerwe

- Working for Water [www.wfw.org.za](http://www.wfw.org.za).
- Environment [www.environment.co.za](http://www.environment.co.za).
- Invasive species South Africa [www.invasives.org.za](http://www.invasives.org.za).

**Baie indringerplante verbruik meer water as plaaslike plante en breek ons kosbare waterbronne af.**

*Artikel versaf deur Ingrid Marti,  
Vryskut Joernalis. Vir meer inligting,  
stuur 'n e-pos na [ingridmarti7@gmail.com](mailto:ingridmarti7@gmail.com).*

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
► 08600 47246  
► Faks: 051 430 7574 ▶ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFREDAKTEUR

#### Jane McPherson

► 082 854 7171 ▶ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

#### Liana Stroebel

► 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

#### Infoworks

► 018 468 2716 ▶ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

#### Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

#### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

##### Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ▶ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatso Nyambose

##### Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ▶ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 013 755 4575 ▶ Nonhlanhla Sithole

##### Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
► 082 354 5749 ▶ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

##### Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
► 082 650 9315 ▶ [graeme@grainsa.co.za](mailto:graeme@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8069 ▶ Sydwell Nkosi

##### Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ▶ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

##### Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)  
► 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

##### Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)  
► 082 877 6749 ▶ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

##### Sinelizwi Fakade

Mthatha  
► 071 519 4192 ▶ [sinelizwifakade@grainsa.co.za](mailto:sinelizwifakade@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8077 ▶ Cwayita Mpotyi

**Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.**

# Graan SA gesels met... Simo Themba Zwane

**S**imo Zwane is 'n aktiewe lid van die Louwsburg Studiegroep in KwaZulu-Natal. Hy is 35 jaar oud en gebruik wat hy het na die beste van sy vermoë.

### Waar en op hoeveel hektaar jy boer?

#### Waarmee boer jy?

Ek boer op Louwsburg in die Mzamo-omgewing (Abaqulusi Munisipaliteit, KwaZulu-Natal Provinsie). Ek het begin mielies plant op 0,2 hektaar en boer tans op kommunale grond waar ek mielies en droëbone op 1,5 hektaar droëland plant. Omdat ek geen toegang tot toerusting het nie, gebruik ek my hande.

#### Wat motiveer/inspireer jou?

Die feit dat daar geen werkgeleenthede is nie, motiveer my om 'n meer suksesvolle boer te word. Ek sien boerdery as die enigste manier waarop ek 'n lewe kan maak en 'n manier om honger te verlig en kos op die tafel te sit. Ek wil vooruitgaan in die lewe en iets van myself maak, omdat niemand anders dit vir my sal doen nie. Ek het geleer dat boerdery my lewe is, dit gee my gesin kos en inkomste.

#### Beskryf jou sterk- en swakpunte

**Sterkpunte:** Ek is nog jonk, energiek en ek glo ek kan op die lande doen wat nodig is. Ek streef daarna om te verbeter en het die vermoë om te doen wat ek al geleer het.

**Swakpunte:** Finansieel is ek nie sterk nie en ek besit nie implemente nie, ek doen alles met my eie hande.

#### Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toekomstige seisoen te oes. Toe kom Graan SA met nuwe tegnologie en beter maniere om mielies te verbou. Ek oes nou 3,5 t/ha - 4 t/ha onder droëland en dit was ten spyte van die ernstige droogte wat ons die vorige seisoen ervaar het.

#### Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Aansluiting by Graan SA studiegroepe, die bywoning van studiegroepvergaderings, die bywoning van boeredae, opleidingskursusse – dit is wat 'n belangrike rol gespeel het in my vordering. Ek het ook 'n passie vir boerdery en is bereidwillig om voortdurend nuwe dinge te leer.



#### Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy nog wou doen?

Ek het die Inleiding tot Mielieproduksie en Basiese Enjinierstel kursusse voltooi. Ek sou nog graag meer wou leer oor Droëbonproduksie, Trekker Instandhouding en Werkswinkel Vaardighede en enige ander kursusse wat my toerus met vaardighede in boerdery. Ek is bereid om te leer, omdat dit my sal toerus om beter te boer.

#### Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sou jy graag wou bereik?

Oor vyf jaar wil ek graag uitbrei na 10 ha - 20 ha op kommunale grond. Ek wil graag 'n suksesvolle boer wees en boer met ander gewasse, nie net mielies nie, 'n verskaffer aan die plaaslike mark wees en ek wil graag groei van krag tot krag in die landbou. Ek sou graag meer mielies per hektaar wil produseer, maar benodig meer opleiding en kennis.

#### Watter raad het jy vir jong aspiranteboere?

Hulle moet boerdery sien as 'n besigheid en nie weghardloop van boerdery nie, want deesdae is daar geen werkgeleenthede nie en hulle moet die grond benut wat hulle het, maak nie saak hoe klein dit is nie. 'n Mens moet 'n passie vir boerdery hê en in jouself glo en voortgaan om hard te werk.

**Artikel verskaf deur Jurie Mentz,  
Ontwikkelingskoördineerder van die  
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere,  
Vryheid. Vir meer inligting, stuur 'n  
e-pos na [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za).**